

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Sasfin (Pty) Ltd v Suid-Afrikaanse Vervoerdienste (Transmed) (155/87)

[1988] ZASCA 97 (19 September 1988)

[1988] ZASCA 97

COURT

Supreme Court of Appeal

BEFORE

Rabie, Jansen, Van Heerden, Smalberger, Nestadt

CASE / FILE NUMBER

155/87

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

LL Saak No 155/1987

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

APPÈLAFDELING

Insake die appèl van:

SASFIN (PROPRIETARY) LIMITED Appellant

teen

SUID-AFRIKAANSE VERVOERDIENSTE (TRANSMED) Respondent

CORAM: RABIE WND HR, JANSEN, VAN HEERDEN,

SMALBERGER et NESTADT ARRVERHOORDATUM: 8 MAART 1988LEWERINGSDATUM: 19
SEPTEMBER 1988

UITSPRAAK

/VAN HEERDEN AR ...

2.

VAN HEERDEN AR:

Soos blyk uit die uitspraak van my kollega, Smalberger, is een van die gronde waarop die respondent in die hof a quo gesteun het vir die regshulp deur hom aangevra, die ongeldigheid van die sessie-ooreenkomste. Op daardie grond het die hof a quo dan ook die respondent gelyk gegee. Om die redes wat blyk uit my uitspraak in Sasfin (Proprietary) Limited v Beukes (appèl no 149/ 1987), meen ek egter nie dat die ooreenkomste as geheel nietig is nie.

Die hof a quo het ook op 'n verdere grond in die guns van die respondent beslis, nl dat hoewel die respondent volgens regulasie onder bepaalde omstandighede die voordeel wat 'n lid ingevolge die respondent se mediese skema toekom, direk aan die verskaffer van die dienste (in casu drie geneeshere) moet betaal, die verskaffer nie 'n vorderingsreg ten opsigte van sodanige voordeel teen die respondent het nie. Die sessie-ooreenkomste

/wat ...

3.

wat die drie geneeshere met die appellant aangegaan het, het derhalwe, aldus die hof a quo, nie meegebring dat die appellant as.sessionaris enige regte teen die respon-dent verkry het nie. (Die appellant was een van drie sessionarisse maar om herhaling tevermy, verwys ek slegs na hom.)

In beide die hof a quo en in hierdie hof is namens die appellant betoog dat die respondent nie in sy aansoek op bogenoemde grond gesteun het nie en dat dit dus nie oorweeg kon word nie. Na my mening is hier-die betoog gegrond.

Die respondent se tersaaklike smeekbedes, vervat in sy kennisgewing van mosie, lui soos volg:

"1. 'n Verklarende bevel dat die sessies van

regte, wat deur dokters Beukes, du Plessis en Klopper ten gunste van die Respondent aangegaan is, en waarvan aanhangsel 'A' tot hierdie aansoek 'n voorbeeld is, contra bonos mores en onafdwingbaar is;

2. Alternatiewelik tot paragraaf 1:

'n Verklarende bevel dat die gesegde sessies

/onafdwingbaar ...

4.

onafdwingbaar is, tensy die Applikant

daartoe ingestem het;

3. Alternatiewelik tot paragrawe 1 en 2:

'n Verklarende bevel dat die Applikant nie verplig is om ingevolge die gesegde sessies enige gelde, wat die genoemde dokters toekom, aan die Respondent uit te betaal nie;"

(Die applikant en die respondent na wie verwys word, is onderskeidelik die huidige respondent en appel-lant.)

Die eerste smeekbede berus klaarblyklik slegs op die beweerde ongeldigheid van die sessie-ooreenkomste, terwyl die tweede smeekbede gegrond is op die premisse dat sessie van die geneeshere se vorderings teenoor die respondent nie sonder laasgenoemde se toestemming kon geskied nie. Die tweede bede voorveronderstel dus dat die drie geneeshere wel vorderingsregte teen die respondent het. So ook die derde smeekbede wat dit in soveel woorde het oor "gelde wat die genoemde dokters toekom", klaarblyklik vanaf die respondent.

/In ...

5.

In die aansoek self is daar geen suggestie dat die sessie-ooreenkomste, indien geldig, nie tot gevolg kon gehad het dat die appellant vorderings teen die respondent verkry het nie, In besonder word nóg uitdruklik nóg stilswyend aan die hand gedoen dat die drie geneeshere nie skuldeisers van die respondent was nie ten opsigte van dienste verskaf aan laasgenoemde se lede, en dat die ooreenkomste dus onder geen omstandig-hede aan die appellant as sessionaris regte teen die respondent kon verleen nie. Inteendeel word by her-haling melding gemaak van gelde wat die geneeshere toe-kom, gelde betaalbaar (deur die respondent) aan die ge-neeshere, en van 'n verpligting van die respondent om betalings aan die geneeshere te maak. Dit is dan ook oorvloediglik duidelik dat dit een van die respondent se uitgangspunte was dat die geneeshere onder die om-standighede hierbo uiteengesit vorderings teen die respon-dent verkry het. Dit was eers by die verhoor van die aan-soek in die hof a quo dat geargumenteer is dat, al sou

/die ...

6.

die ooreenkomste geldig wees, die appellánt nie 'n skuld-eiser van die respondent kon geword het nie.

Die appellant het nie 'n bestrydende verklaring ingedien nie maar slegs aangedui dat hy op regsgronde die aansoek sou teenstaan. Deur die tweede grond te oorweeg, het die hof a quo dus in effek die respondent toegelaat om op 'n addisionele skuldoorsaak, wat die ap-pellant nie geroepe was om te beantwoord nie, staat te maak. En hoewel ek dit moeilik vind om te dink aan feite wat die appellant ter bestryding van so 'n skuldoor-saak sou kon aangevoer het, kan ek nie die moontlikheid uitsluit nie dat hy dit wel sou kon gedoen het (bv deur aan te toon dat bedinge tot voordeel van die geneeshere tussen die respondent en sy lede tot stand gekom het en dat die geneeshere die voordele aanvaar het). Der-halwe moes die hof a quo nie op die tweede grond ten gunste van die respondent beslis het nie.

In die aansoek is op 'n aantal ander gronde ter /bewilliging ...

7.

bewilliging van die smeekbedes gesteun. Die respondent was nie by die verhoor van die appèl verteenwoordig nie en gevolglik is nie betoë ter onderskraging van bedoelde gronde gelewer nie. (Hulle is ook nie pertinent deur die hof a quo oorweeg nie.) Ek volstaan dus deur te sê dat hulle na my mening nie houdbaar is nie.

Ek sou dus die appèl met koste handhaaf, in-sluitende die koste van twee advokate, en die bevel ver-leen deur die hof a quo wysig om te lui:

"The application is dismissed with costs, including the costs of two counsel." H.J.O. VAN HEERDEN AR

RABIE WND HR STEM SAAM

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZASCA/1988/97.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/unknown-plaintiff-v-unknown-defendant-assignment-of-claims-asca-1988-155-87>

Prepared on 11 October 2026 · Esheria